5 Desember 2008 Kerkbode 1

'n Juweel gevorm deur pyn

Henri stap aan deur Lizette Murray. Uitgegee deur Corals Publishers (2008). Prys: R119,95. Resensent: René Badenhorst.

Hoe resenseer 'n mens die diepste wroeginge van iemand se hart? In *Henri stap aan* vertel Lizette Murray op 'n aangrypende manier hoe sy en haar gesin haar seun Henri se dood na 'n haaiaanval in 2005 verwerk het.

Lizette sê in die boek: "Handleidings of artikels oor die rouproses is nuttige hulpmiddels, maar dit kan nie klinkklare antwoorde bied nie. Die dood laat hom nie definieer nie. Dis ondeurgrondelik. Dit bly 'n misterie." Lizette probeer ook nie klinkklare antwoorde gee nie, maar deel dit wat sy in haar eie rouproses geleer het en hoop om mense wat verliese moet hanteer so te help om ook weer vrede en vreugde te vind.

Wat die boek so treffend maak, is die eerlike en onbeskaamd reguit manier waarop Lizette oor haar pyn en geloofstryd praat. Dit is ook be wonderenswaardig dat sy op so 'n nugter wyse, drie jaar na haar seun se dood, oor hierdie worsteling verslag kan gee.

Henri stap aan is ontstellend en hartverskeurend, maar is ook 'n storie van hoop. Dit vertel hoe 'n hegte gesin deur hierdie gebeurtenis mekaar ondersteun het, en selfs nog hegter bande ontwikkel het. Dit vier die lew en inspireer 'n mens om, soos Henri, net die beste vir ander mense te gu en elke dag voluit te leef.